Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Gaan dan heen, maak dissipels…

Skriflesing: Matteus 28 en Hand 1:8; I Pet 3:15

Teksvers: Matteus 28:18-20

Sing:
Sb 3-3:1,2,3,4
Ps 130:2,4
Ps 84:2
Ps 87:1,3,4
Sb 18-7:1,3,10,12
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Carina vd Dussen
Klank: Thinus Smuts
Prediker: Ds Maarten van Helden

Dit sal onvanpas wees as ons in die week van hemelvaart nie weer aandag skenk aan die *Groot Opdrag* van ons Here nie. Wie die groot liefde van God leer ken het en die opdrag van God verstaan, moet ook luister na die Groot Opdrag van Here en Verlosser, Jesus Christus: "*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…*".

Hierdie opdrag word eerstens aan die twaalf apostels gegee en is die grondslag van die stigting van die Christelike kerk. Handelinge vertel dan ook in meer besonderhede hoe hulle uitvoering gegee het aan hulle sendingsopdrag. As lidmate van hierdie kerk staan die opdrag steeds vir ons. Die evangelie van Christus moet uitgedra en verkondig word – deur die geroepe dienskneg-te as bedienaars van die Woord, maar ook deur elke lidmaat afsonderlik. Hierdie taak begin by jou eie huis en kring uit na almal (alle nasies) wat die Here op jou pad bring.

SONDAGAAND 18:00

God as die Skepper God en omgee God wat ons kroon as heersers

Skriflesing: Psalm 8
Teksvers: Psalm 8:2,10

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 2

Sing:
Ps 19-1:1,2
Ps 8-1:1-4
Ps 105-1:1,2
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Jaco Wattel
Klank: Jan Reesink
Prediker: Ds Gerrit Kruger

Hierdie is 'n natuurpsalm waar God se grootheid besing word. God se almag as God self en sy pragtige skeppingswerk word gestel teenoor die nietigheid van die mens.

1 God word besing omdat Hy die Skeppergod is.
2 God word besing omdat Hy vir ons omgee.
3 God word besing omdat Hy ons kroon as heersers. v5-8

Vrae wat ons elkeen moet antwoord is:

- Hoe dink jy oor die skepping waaroor jy moet heers?
- Hoe pas jy die skepping op deur dit nie te vernietig nie?
- Sien jy God se grootheid raak in die skepping?

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 43 Nr 14 13 Mei 2018
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

Hemelvaart

Die direkte Skrifgetuienis oor Jesus se hemelvaart tref ons in Lukas se geskrifte aan, te wete Lukas 24:50-53 en Handelinge 1:9-11. Dit verskyn as 'n latere toevoeging in die vroegste evangelie (Markus 16:19-20). Lukas verbind hemelvaart aan die Pinksterfees en dit word vandag nog op die Donderdag 'n week voor Pinkstersondag gevier.

Jesus se hemelvaart is opgeneem in die drie ekumeniese geloofsbelydenisse van Nicea, Atanasius en die Twaalf Artikels en word algemeen in die Christelike kerke aanvaar as een van die kernbelydenisse oor Jesus Christus.

- Die hemelvaart plaas klem op die Goddelikheid van Christus ná sy aardse vernedering en benadruk sy hereniging met die Vader en sy teenwoordigheid deur die Heilige Gees.
- Hemelvaart simboliseer die krag van Christus om as Voorspraak vir ons op te tree, en om vir ons plek gereed te maak in die huis van die Vader.
- Die hemelvaart beëindig Christus se eerste koms en is die basis vir Christene se verwagting van sy glorieryke tweede koms.
- Die hemelvaart kan ook beskou word as sy troonsbestyging en die bekroning van sy messiaanse werk.

Daarom verklaar Hy onomwonde: *"Aan my is gegee ALLE mag in die hemel en op aarde"* (Mt 28). As Hy dan so magtig is moet Hy daarvoor verheerlik en geprys word.

Hemelvaartsdag val op die veertigste dag, gereken vanaf eerste Paasdag, wat veroorsaak dat die datum elke jaar anders is. Hemelvaartsdag val wel elke keer op 'n Donderdag en ook 10 dae voor Pinkster.

In baie lande, waaronder België, Denemarke, Duitsland, Frankryk, Nederland, Botswana en Namibië, is Hemelvaartsdag 'n vakansiedag in die middel van die week. Daarom word die Vrydag daarna in Holland ook "Vaak Vry" genoem. Baie Christene sal ook 'n kerkdiens besoek op hierdie dag. In ander lande, bv. Hongarye, Italië, Portugal en Spanje gaan mense kerk toe op die Sondag na Hemelvaart, maar soos in Suid-Afrika, Brittanje, Kanada, Australië en die VSA is dit ongelukkig nie 'n openbare vakansiedag nie.

Skrywer onbekend

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Ons gee om ...

Telefoon: 012 664 2614
Faks: 012 664 0004
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

Lidmate se kontakbesonderhede: Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: **admin@gkcenturion.co.za**

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Hennie vd Walt Alethea : Gerrit Kamper
Diaken: Drikus vd Walt

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 11; Ps 100:1
Volgende week: Les 12; Ps 100:3

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 417

VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

13 Mei	Rika	Pretorius	B16	654 1624
14 Mei	Braam	Aucamp	A02	072 318 3825
	Mariette	du Toit	C04	667 5327
	Elmarie	Smith	A05	072 514 1175
	Kobus	Venter	C13	082 653 8353
15 Mei	Dia	Garcia Arias	C02	076 770 4447
	Quintus	Keyter	B01	082 805 5448
	Lara	Smidt	A11	082 566 7633
	Larochelle	van den Bergh	C07	084 208 4413
16 Mei	Flip	Jonker	B15	666 7333
	Ria	Maritz	B17	079 873 9305
	Gert	Reinecke	A12	082 375 0092
	Charl	van den Bergh	C07	663 3649
17 Mei	Ricus	Coetzee	B14	082 452 5554
	Dilien	Keyter	B01	082 805 5448
	Hendrik	Smit	B19	076 194 5864
	Pierre	van Rensburg	C08	074 889 0921
18 Mei	Jaco	Pretorius	B17	083 691 5894
	Cobus	van Niekerk	C06	667 1784
19 Mei	Engeli	Prinsloo	C13	082 570 2036
	Andrea	vd Westhuizen	B02	654 0352

DOOPLIDMATE

14 Mei	Carlo	Coelho	C07	082 331 8622
15 Mei	Daleen	Janzen	C05	061 061 7640
16 Mei	Karla	Reinecke	A12	082 375 0092
	Pieter	vd Dussen	B17	660 2459
18 Mei	Leandri	vd Walt	A05	082 308 6238
	Marcel	Wattel	A12	345 2107

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

13 Mei
A04 Laurette Snyman
A05 Magda Pelser
C04 Leandre Struwig
20 Mei
A06 Heidi van der Walt
A08 Ronell Hoogenboezem
A09 Nan Viljoen
A11 Louisa van der Walt

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (012664-0685) centurionflorist@ discovery-mail.co.za.

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, trauma, verhoudings, besighede, studente en leerlinge almal welkom.

Kombuise– en Gasinstallasies- Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installeerders; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W vd Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 084 444 5443; meryke @mery-d.co.za.

Pilates klasse in Zwartkop—Liggaamshouding evaluering elke 6 mde. Sien hoe jou postuur verbeter. Billike pryse. Kontak Elmé 0609948023/whatsup/www/pilatescore.co.za.

Andries Vermeulen van Oppistoep-faam, tree op Saterdag 12 Mei by die Hoërskool Oos-Moot ten bate van die **GK Kameeldrift** op. Kaartjies @ R175-00 met ete. Kontak ds@kameeldrift.co.za of 0827454117

SIMFONIA JUVENTI – GK HEIDELBERG 19 MEI 2018 om 17h30 by die Hoër Volkskool, Heidelberg. Ten bate van ons evangelisasie projek (Koningskinders). Kaartjies R70—R300. Bespreekings 083 278 2191 of e-pos juventiheidelberg@gmail.com. Ons sien uit om u daar te sien!

Skoolverlaterskamp 2018

8 -13 Julie

te Nooitgedacht Kampterrein

Kostes R800 p.p. (Alle etes word voorsien).

Die doel van die Skoolverlaterskamp is om skoolkinders vanaf gr. 10 tot 12 te bedien met die Woord, saam bande te bou as mede-gelowiges, en om saam God te loof. Die kamp bestaan uit verskeie pret en leersame elemente bv. Bybelstudie, lofprysing asook prettige groep-aktiwiteite en genoegsame aftyd om die heerlike koepelomgewing te geniet. Hierdie kamp is 'n besondere tyd vir stil word voor die Here in sy skepping en voor sy Woord, dit is ook 'n tyd vir bande bou met jou.

Vir enige verdere inligting, kontak my gerus:
Peet van der Westhuizen – 078 580 4945

Die Diakonie ondersoek die moontlikheid om 'n bussie Sondagoggende beskikbaar te maak om bejaardes, wat nie self by die Kerk kan kom nie, op te laai vir die oggenddiens.

Die bussie sal ook na die diens weer almal aflaai.

Almal wat belangstel in die beplande diens en wat glad nie self vervoer het nie, kontak asb:

Anton Smith 082 8563 704/
anton@egather.co.za

Lisje Kuperus 083 4811 160/
kuperus@worldonline.co.za

Verhoudingsbou

Pa en Seun
Pa en Dogter
22 Junie – 24 Junie 2018

Jagnaweek

Hou solank die naweek oop en bespreek die onvergeetlike ondervinding as pa met jou kinders by ds. Gerrit. 082 964 5595

Te koop, meethuis, Moreletapark R820000. Op 1e vloer in sekuriteitskompleks. 3 Sk, en-suit bk plus 2e bk. Ruim sit-eetkamer, kombuis ingeboude braai op balkon. Pas uitgeverf. Een motorafdak en gaste parkeerplek. Swembad in kompleks. Annamarie van Wyk 0724081354

Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Johan Snyman het 'n voetoperasie in Eugene Marais hosp ondergaan (C6- 667 4003).
- Lodine Snyman sterk aan in Unitas hospitaal (B10—083 517 5803).
- Solly Muhlarhi was vir toetse na Kalafong hospitaal (E1—079 356 9591).
- André Celliers gaan Unitas toe vir 'n skoueroperasie (A14—660 0952)
- Vian de Villiers het 'n operasie ondergaan in Unitas hospitaal (A12- 072 538 8870).
- Meelewing word betuig met die familie en vriende van ds Johan v Vuren wat die afgelope week oorlede en begrawe is.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

- Henk en Carina Koch met die geboorte van Durant.
- GP en Lara Smidt met die geboorte van Righardt André Smidt.

Vergaderings/Aksies

- 13 Mei—Geestelike opbou direk na afloop van die aand-erediens
- 14 Mei—Bedieningskommissie 18:00
- 17 Mei—Diakonietoerusting (Groep 4) 18:30
- 17 Mei—Instandhoudingskommissie 18:00

KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Emeritaatsversoring

Kollektes sal nog steeds in banke/ deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Ekum buiteland

Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie

Omgewingspitkos

Omgewingswelvaart is 'n besondere bate wat die mens se gesonde band met sy natuurlike erfenis weerspieël. Iets wesenlik om in jou godsdiens na te streef omdat Christus Middelaar van die ganse skepping is (Kol 1 : 16 – 20). Hierin is die aanleer van selfbeheersing as 'n Christelike deug so van belang omdat ons nie daarmee gebore word nie. Dit stuur nie net ons hartstogte langs regte bane nie maar kweek ook 'n lewenstyl van besuiniging soos te kenne is in die natuurskrif om ons. Dit mag nie net 'n skyn van die egte wees nie.
Die lankmoedige is beter as 'n held, en hy wat sy gees beheers as een wat 'n stad inneem (Spr 16 : 32).